

Die weduwee en haar giftige sfeer

154

Mathaël buig en begin dadelik die volgende gedenkwaardige sterfgeval te vertel: "In 'n klein plekkie tussen Bethlehem en Jerusalem het 'n sonderlinge weduwee geleef. Sy was met twee manne getroud gewees. Die eerste man het haar reeds na 'n jaar ontval. Van hom het sy 'n dogter verkry wat egter vanaf geboorte doof en stom was, maar wat by doofstommes selde die geval is, was sy lewendig en opgewek.

[2] Nadat sy 'n jaar weduwee was, ding 'n tweede, heel energieke man om haar hand mee en trou met die weduwee, wat toentertyd baie mooi moes gewees het. Maar met hierdie man gaan dit met hierdie vrou skaars beter as sy voorganger, want hy leef maar twee jaar en 'n paar maande en sterf, net soos die eerste, aan algehele uitputting.

[3] Dit skrik daarna alle ander manne af, sodat niemand haar meer verder om die hand durf vra nie. Van die tweede energieke man het sy egter glad geen kind nie, terwyl die doofstom dogter flink groei en op haar vyfde jaar al so groot en sterk was soos 'n meisie van twaalf jaar. Daarby het sy 'n heel aangename uiterlike, en elke man kyk met baie genoeë en dikwels reeds baie begerig na hierdie doofstom meisie.

[4] Hierdie weduwee leef daarna nog twintig jaar, bly steeds mooi en selfs baie aantreklik, en haar dogter betower elke man; want iets mooiers en aantrekliker was daar in dié tyd in die hele Judese land nie te vinde nie! Die meisie was ook nog in hoë mate intelligent en goed opgevoed, en weet om haar deur gebaretaal baie goed aan elkeen verstaanbaar te maak, en dit doen sy altyd op so 'n egte, kunssinnig sierlike manier dat elke man hom gelukkig ag om met hierdie doofstom meisie 'n gesprek te gevoer het. Baie doen aan die meisie 'n huweliksaansoek, maar omdat doofstommes volgens die wet van die huwelik uitgesluit is, waarvoor ek absoluut geen enkele aanvaarbare rede voor sien nie, was daar beslis niks aan te doen nie.

[5] Die weduwee was ook baie vermoënd en het uitgestrekte besittings en sodoende baie knegte en diensmaagde gehad, en sy doen baie goed aan die armes. Die vrou sou graag nog 'n keer getroud wou wees, maar omdat niemand meer om haar hand vra nie, en die vrou ook niemand meer durf vra nie uit angs en teweens uit goeie wil, om nie sonder omgee ook nog 'n derde man te dood nie, bly sy ongetroud, lei 'n heel sedige en ingetoë lewe, en was die troosteres vir baie noodlydendes.

[6] Ook het daar eens 'n Griekse geneesheer gekom wat haar wou genees van haar vreemde, merkwaardige eienskap; maar sy wys hom af en sê - soos wat sy dit later presies aan my vader vertel het, en wel, as my origens goeie geheue my nie bedrieg nie met die volgende woorde - : 'My ouers was goeie en godvrugtige mense, en ek staan as meisie bekend as 'n toonbeeld van ingetoënheid. Voor my eerste huwelik het ek nooit 'n man beken nie. Hoe dan so 'n beseienskap in my goedgevormde liggaam kan woon, is vir my 'n raaisel; ek is egter - aan JaHWeH alleen alle lof! - verder kerngesond en daarom wil ek geen geneesmiddel hê nie. Dit is dus Elohim se wil, wat ek my graag laat welgeval! Jy, pseudo- Aesculapius, kan egter gaan, anders adem ek in jou rigting en dan is jy miskien ook

reddeloos verlore, ondanks dat jy geneesheer wil wees en my graag wil help, maar soos wat ek sien, nie eers jou eie verskriklike struma (skildkliervergroting) kon verhelp nie, en ook nie die hink van jou linkervoet nie! 'n Dokter moet tog eers self as mens sonder gebreke en kerngesond wees voordat hy 'n sieke kan help! Die blakende en algehele gesondheid van die dokter moet die sieke tog 'n sekere vertrouwe inboesem, sodat hy kan glo dat die dokter iets kan; as die dokter egter soos 'n kreupele daar staan en dan 'n gesonde wil help, is hy immers uitermate belaglik, en as hy te opdringerig word, moet hy dadelik weggejaag word!

[7] Toe die dokter hierdie aanbeveling hoor, verlaat hy brommend en morrend die huis, maar kom na 'n jaar terug, vra na die gesondheid van ons mooi weduwee en begin om haar mooie hand mee te ding.

[8] Toe word die weduwee ongeduldig en adem op 'n afstand van drie treë in die rigting van die dokter en sê: 'Gaan weg en kom nie nader aan my nie! As my asem jou raak, is jy 'n kind des doods; nog binne 'n jaar sal jy verrot onder die aarde!'

[9] Toe lag die dokter en hy suig die uitgeasemde lug met vreugde gretig na binne om aan die mooie weduwee te toon hoe min hy omgee vir haar sogenaamde giftige asem, omdat hy daarvan oortuig was dat daar niks mee verkeerd was nie. Die mooiste van dit alles was egter dat die weduwee self nie in die minste daarin geglo het nie, maar haar slegs maar van hierdie bedreiging bedien het omdat die mense daardie gerug versprei het en niemand hom daarvoor in haar omgeewing gewaag het nie.

[10] Maar die volk het tog nie heeltemal ongelyk nie. As ons weduwee haar nie opwen oor die een of ander nie, dan was daar niks aan die gang met haar asem nie; maar sodra sy ook maar enigsins deur iets driftig word, was dit by haar nie uit te hou nie. Wie dan te veel van haar asem inasem, leef nie 'n jaar langer nie en was 'n kind des doods. Hy teer op 'n bepaalde manier weg en alles wat hy daarteen gebruik, ook al kom dit van 'n betroubare dokter wat letterlik wondere kon verrig, was verniet; met ysere hardnekkigheid gaan die kwaal verder en die sieke gaan onherroeplik daaraan ten gronde! En so gaan dit ook werklik met ons Griekse dokter; hy word weldra sieklik en verander binne agt maande in 'n misrabele, en totaal uitgeteerde lyk, vergeleke waarby 'n ongeveer drieduisend jaar oue Egiptiese mummie nog heel welgevoed was!

[11] Weldra hoor ons weduwee daarvan, en die mense fluister haar van verskillende kante in die oor dat sy voor die gereg moes kom. Die weduwee trek haar dit baie aan; sy begin ten slotte self sieklik te word en laat weldra my vader haal, wat natuurlik vir my, as sy onontbeerlike siener, saamneem om deur my sienersgawe iets by hierdie merkwaardige vrou te ontdek. Ons gaan 'n bietjie versigtig die huis van hierdie vreemde vrou binne en vind haar vermoed en uitgeput in die bed lê. Haar doofstom, maar verder werklik hemelsmoenie dogter en 'n paar ander jong vroue was by haar en het haar versorg.

[12] Wel moet hier opgemerk word dat haar eienardige asem slegs vir manne, maar nooit vir vroue en meisies gevaarlik was nie.

[13] My vader sê, toe hy met enigsins ingehoue asem die kamer binnegaan: 'Hier is die bestelde dokter uit

Jerusalem; wat verlang die bekoorlike weduwee van my?’

[14] Toe sê die weduwee: ‘Wat sal ’n sieke anders van ’n dokter verlang as dat sy gesond word?! Help my as u kan!’

[15] My vader sê: ‘Staan my toe dat ek u vir ’n tyd waarneem, dan sal ek wel sien of u nog te help is of nie!’

[16] Die weduwee antwoord: ‘Doen wat u goeddink!’

[17] Toe sê Vader in Romeins aan my: ‘Let op of jy hier iets kan raaksien; want haar siekte moet ’n baie spesiale oorsaak hê!’

[18] Ek span my nou dadelik in om iets te sien, maar kon aanvanklik niks raaksien nie, dit wil sê niks geesteliks en onheilspellends nie. Maar na ongeveer ’n uur ontdek ek ’n blouagtige damp wat hom bo die bed van die weduwee versprei, en vra my vader of hy ook iets daarvan sien. Hy ontken dit en maak daaruit die gevolgtrekking dat dit al iets buitengewoons was. Ek sit my waarneming met die grootste opmerkzaamheid voort en ontdek in hierdie blou newel weldra ’n groot aantal ongeveer vingerlange klapper- en ringslange, wat in die blou newel soos visse in die water rondswem. Hierdie ondiere kronkel ontsettend, en vorm die een ring na die ander, en flits vreeslik met hul staal tonge; maar bo die in ’n sekere sin vaste newelkring beweeg geen van die talle ondiere nie. Ek maak my vader dadelik daarop attent en gee hom my mening te kenne dat dit in elk geval nie baie aan te beveel was om te naby die bed te kom nie. My vader deel dadelik my mening, maar hy vra my ook of ek nie die een of ander middel te wete kon kom waarmee die weduwee gehelp sou kon word nie.”

Slanggif as geneesmiddel

155 (Mathaël:) "Toe ek daar diep in gedagtes versenke staan, hoor ek asof iemand dit in my oor fluister: ‘Vang ’n klapper- en ’n ringslang, kap hul kop af, kook hulle goed en gee die sop of die bouillon daarvan aan die weduwee om te drink, en maak aan haar duidelik dat die regbank, waarvoor sy ontsettend bang is, haar verseker nie kan veroordeel nie, dan sal sy dadelik weer gesond wees! Maar as in die toekoms iemand deur haar giftige asem siek word, laat hy dan daarvoor sorg dat hy ’n dun vleissop van die genoemde slange kry, waarmee ook die ou Aesculapius sy wegterende siekes genees het, en hy sal dadelik heeltemal genees! Die genoemde slange vind mens baie dikwels op die suidelike hellings van die Horeb.’

[2] Hierdie raad, wat ek duidelik hoor, bring ek direk in kort bewoordings aan my vader oor. Buite homself van vreugde sê hy dadelik aan die weduwee dat sy haar nie verder moet bekommer nie, want hy sou haar graag help. In elk geval hoef sy nie in die minste bang te wees vir die regbank vanweë die Griekse dokter nie, omdat sy in die verste verte geen skuld het aan sy dood nie. Self ken hy die Romeinse wette baie goed, en weet van geen voorbeeld waarby so ’n geval ooit êrens ontvanklik verklaar was vir ’n aanklag nie.

[3] Hierdie ernstige vasstelling van die onskuld van die weduwee, stel die arme vrou so gerus dat die blou newel bo haar heeltemal verdwyn, wat ek dadelik aan my vader sê, wat hom baie genoëë doen, en hy stuur onmiddellik mense na die Horeb vir die genoemde slange. Daar bevind hulle ’n aantal van die beste

slangvangers en - besweerders, en binne enkele dae word ’n aantal slange van beide soorte aangebring. Hierdie slange was natuurlik reeds onthoof en goed in leem gepreserveer sodat hulle, goed afgesluit van die lug, nie dadelik kon ontbind nie; want daar was ’n soort vet, geel leem, waarin ’n lyk honderd jaar lank nie sal ontbind nie.

[4] Toe die slange per kameel oorgebring was, word hulle, vir sover mens daarvan nodig het, van die leem ontdoen en vervolgens in ’n goeie pot op die vuur gesit en vir drie uur gekook sonder dat die weduwee, wat in die bed bly, iets daarvan te wete gekom het. Vanaf die oomblik dat mense na die Horeb gestuur was tot by die kokery, verstryk daar vier dae, gedurende welke tyd my vader die weduwee oordag meermale moed inpraat, en haar reeds binne vyf dae algehele genesing beloof. Daardeur herstel die weduwee sigbaar van dag tot dag en op die vierde dag wou sy reeds die bed verlaat. Maar my vader wou haar in verband met die bereiding van die slangbouillon nie uit die bed laat gaan nie, want as sy iets sou gesien het, sou daar waarskynlik geen sprake van volledige genesing gewees het nie. Nou het sy niks daarvan gesien nie, en toe Vader haar die dun vleissop aangee om te drink, drink sy dit met sigbare welbehag tot die laaste druppel op en sê daarna dat hierdie bouillonagtige medisyne vir haar baie goed gesmaak het.

[5] My vader laat haar na ’n paar uur die dun vleissop nog ’n keer gee, en die weduwee begin daarop so goed te voel dat sy die vierde dag nouliks nog in die bed te hou was. Maar op my vader se streng voorskrif moes sy in elk geval nog die halwe vyfde dag, sedert ons aanwesigheid daar, in die bed bly, waarna sy toe heeltemal verklik en volkome gesond die bed verlaat. Sy bedank my vader baie ryklik en vergeet my ook nie.

[6] Toe ons vertrek, vra sy my vader vertroulik of hy die Griekse dokter geken het, en of hy haar dalk ook met haar siekte kon gehelp het.

[7] Maar my vader sê: ‘Dié misrabele kwaksalwer het ek baie goed geken; hy het regtig nooit iemand gehelp nie - behalwe in die graf in!’

[8] Met hierdie opmerking was die liefvallige weduwee volkome tevrede en sy laat ons beide met baie simpatie gaan. Sorgvuldig buite sig, pak my vader nou die in leem bewaarde, orige slange in en bind hulle op die rug van die kameel vas tesame met ander dinge van groot waarde; ons bestyg ook ons drommedarisse (kamele) en vertrek so welgemoed terug huis toe.

[9] Met die besonder vreemdsoortige meegenome medisyne het my vader later nog baie wegkwynende siekes gehelp, en daardeur baie geld en ’n groot reputasie verwerf. Natuurlik was hy daarom nie baie geliefd by die tempeldienaars nie, en ewemin by die Essene; maar die Romeine had des te meer respek vir hom, verleen hom alle moontlike beskerming, hemel sy kuns en wetenskap op en gee hom die ere naam ‘Aesculapius junior’. Sodra die voorraad slange by my vader egter op was, laat hy dadelik weer ’n aansienlike besending van Horeb af kom en genees daarmee die wegkwynendes, waarvan werklik niemand gesterf het nie!"